INFORMASIETEGNOLOGIE

INFORMATION TECHNOLOGY

TE VEEL LYNOPSIES?

Hoe gelukkig is ons nie om deesdae (natuurlik as die begroting dit toelaat) internet in ons huise te kan hê nie. Anders as 5 jaar gelede kan jy nou `n resep "google" in plaas van die Kook en Geniet gryp. Of in die middel van `n fliek gou die naam van die akteur opsoek wat so bekend lyk, maar wie se naam jy skielik om der dood nie kan onthou nie.

Ongelukkig kom daar met tyd ook meer opsies en in die proses meer verwarring. Asof die keuse van diensverskaffer nie moeilik genoeg is nie, kan jy deesdae ook kies hoe vinnig jou ADSL-lyn moet wees. iAfrica het dit vereenvoudig sodat ons dit ook kan verstaan.

384Kbps

Telkom se goedkoopste, intreevlak-opsie teen R152 per maand.

As jy e-posse wil lees, `n bietjie Facebook en Twitter en dalk af en toe `n snaakse video-insetsel wil kyk, is hierdie een vir jou. Jy sal kan Skype en ander gesels-programme gebruik, maar videokonferensies gaan maar hikkerig wees. As jy lief is vir jou YouTube-videos en musiek wil stroom, sal jy dalk maar geduld moet aanleer. Hierdie lyn gaan maar sukkel om te doen wat jy wil hê. Jy sal ook lank wag om leêrs af te laai wat groter as 1GB is.

Die goeie nuus is egter dat jy nogsteeds speletjies sal kan speel sonder te veel probleme. Die gesukkel gaan slegs inkom as jy opdaterings ("patches") of ander inhoud vir jou speletjies wil aflaai.

As jy nie vir Telkom wil ondersteun nie, is daar ook die opsie om by MWEB, Afrihost en ander IDV's `n onbeperkte rekening te kry vir ongeveer R200.

1Mbps

Telkom se middelslag-aanbod is `n trappie beter, maar ook heelwat duurder teen R289. Die 1Mbps lynspoed is egter nader aan die spoed wat breëband eintlik moet wees - amper drie keer so vinnig as `n 384Kbps lyn.

Die 1Mbps-lyn is perfek vir `n familie met meer as een persoon wat die internet wil gebruik sonder om te veel te sukkel met internetspoed. Dis ook `n goeie opsie as jy baie data wil aflaai en na radiostasies en musiek aanlyn wil luister. Daar sal steeds `n mate van onderbreking wees, maar `n paar sekondes in vergelyking met `n paar minute op `n 384Kbps lyn.

Selfs met die aflaai van speletjies doen die 1Mbps goed. Speletjies groter as 10GBs gaan dalk net `n tydjie (enigiets van 24-48 ure) neem.

Die onbeperkte 1Mbps opsies se pryse het ook die afgelope tyd geval en jy kan dit nou aanskaf teen R200 vir MWEB, Afrihost, Axxess en ander.

4Mbps

Die tweede duurste opsie gaan jou R413 per maand kos, maar dis ook vier keer vinniger as die 1Mbps-lyn. Hierdie lyn is

ook handig vir families, veral die wat `n kombinasie van "WiFi"-toestelle en rekenaars het. Ernstige aflaaiers kan gerus, as die begroting dit toelaat, gaan vir die 4Mbps-opsie aangesien groot leêrs baie vinnig aflaai.

Aanlyn videos en musiek stroom seepglad so jy sal nie op jou tande sit en kners van frustrasie nie. Nog `n voordeel is die kwaliteit van video-oproepe met goeie kwaliteit met min onderbreking, indien enige. Gebruikers van Xbox Live en Steam sal moeiteloos "patches" en speletjies wat etlike gigabytes is, kan aflaai.

'n Onbeperkte 4Mbps data rekening sal gebruikers ongeveer R500 per maand kos.

10Mbps

Hierdie vinnigste opsie van almal kos dieselfde as die 4Mbps, omdat Telkom gebruikers gratis opgradeer.

Met 10Mbps kan jy uitsien na hoë-definisie datastroom sonder enige onderbreking. Aflaai is natuurlik ook twee keer so vinnig as met die 4Mbps-lyn en is dus vergelykbaar met die res van die aanlynwêreld. As jy dus `n internet-geaktiveerde TV, Apple TV of enige ander HD toestel het, is hierdie die beste opsie vir hoë-kwaliteit inhoud sonder om te sit en wag vir `n skerm wat laai.

Vir die kwaliteit en spoed van `n onbeperkte 10Mbps rekening vra Afrihost R997 (die laagste prys op die mark tans). Axxess vra R1599, terwyl MWEB R1999 vra.

BRON: www.iafrica.com

Posted in:Algemeen,Internet | Tagged:Bandwydte,Wyeband,Internet | With 1 comments